testpapers.co.za

Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## SEPTEMBER 2019

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: INSLUITING EN WAAGMANSKAPï DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE - ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VAN DIE 1950ôs TOT DIE 1970ôs: DIE SWARTMAGBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: GEVALLESTUDIE - CHINA

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE ï DIE KONGO EN TANZANIË

   VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VAN DIE 1950ôs TOT DIE 1970ôs: BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VSA

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. Wanneer jy die vrae beantwoord, moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur bloot die bronne as antwoorde te herskryf.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae, in hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS TOT DIE KOUE-OORLOG SPANNING TUSSEN DIE SOWJET-UNIE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN 1960's BYGEDRA?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Gebruik Bron 1A.

1.1.1 Verduidelik die historiese begrip *Koue-Oorlog* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Hoe, volgens die inligting in die bron, het Fidel Castro 'n kommunistiese regering in Kuba gestig? (1 x 2) (2)

1.1.3 Noem TWEE maniere hoe die Verenigde State van Amerika op die totstandkoming van 'n kommunistiese staat in Kuba gereageer het. (2 x 1) (2)

1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Castro nader aan die Sowjet-Unie beweeg het. (2 x 2) (4)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Identifiseer die TWEE Europese lande waar Kennedy die Jupiter-missiele ontplooi het. (2 x 1) (2)

1.2.2 Noem waarom Khrushchev die ontplooiing van missiele na Kuba 'n geheim gehou het. (2 x 1) (2)

1.2.3 Verduidelik waarna Khrushchev verwys met die frase: "*Ons sal niks meer doen as om hulle 'n bietjie van hul eie medisyne te gee nie*" in die konteks van vergelding aan die VSA. (2 x 2) (4)

1.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar of jy Khrushchev se optrede, van die stuur van missiele na Kuba, ondersteun. (2 x 2) (4)

1.3 Raadpleeg Bronne 1A en 1B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1A ondersteun met betrekking tot Khrushchev se ontplooiing van missiele in Kuba. (2 x 2) (4)

1.4. Lees Bron 1C.

1.4.1 Volgens Kennedy, in wie se verdediging het hy opgetree na hy die missielterrein in Kuba bespeur (opgespoor) het? (2 x 1) (2)

1.4.2 Gee 'n rede waarom die streng kwarantyn op alle verskepings na Kuba ingestel is. (1 x 2) (2)

1.4.3 Gebruik die bewyse in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom Kennedy besluit het om die Amerikaanse publiek op 22 Oktober 1962 toe te spreek. (2 x 2) (4)

1.5 Bestudeer Bron 1D.

1.5.1 Watter boodskap dra die koerantopskrif aangaande die Kubaanse Missielekrisis oor? (2 x 2) (4)

1.5.2 Verduidelik waarom jy hierdie bron as nuttig sou beskou wanneer daar oor die Kubaanse Missielkrisis nagevors word. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Kubaanse Missielkrisis tot die Koue-Oorlog spanning tussen die Sowjet-Unie en die Verenigde State van Amerika in 1960's bygedra het? (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM HET BUITELANDSE NASIES, NA 1975, BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1. Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat daar ŉ sterk verhouding tussen Kuba en MPLA was. (2 x 1) (2)

2.1.2 Identifiseer die DRIE bevrydingsbewegings wat die Alvor-akkoord geteken het in 1975.. (3 x 1) (3)

2.1.3 Verduidelik die belangrikheid van die ondertekening van die Alvor-akkoord vir Angola. (2 x 2) (4)

2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, en verduidelik of jy Suid-Afrika se ingryping in Angola sal ondersteun of nie. (2 x 2) (4)

2.1.5 Verduidelik hoekom, volgens die inligting in die bron, die Verenigde State van Amerika by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het. (2 x 1) (2)

2.2 Verwys na Bron 2B.

2.2.1 Noem EEN Afrika-land wat by die Angolese Burgeroorlog betrokke was. (1 x 2) (2)

2.2.2 Watter bewyse in die bron dui daarop dat selfsugtige nasionale belange die Verenigde State van Amerika gemotiveer het om by die Angolese burgeroorlog betrokke te raak? (2 x 1) (2)

2.2.3 Verduidelik die begrip b*urgeroorlog* in die konteks van die Angolese konflik. (1 x 2) (2)

2.2.4 Verduidelik die implikasie van die stelling *'Angola was een van die mees bisarre byvertonings van die Koue Oorlog*', in die konteks van die Angolese Burgeroorlog. (1 x 2) (2)

2.3 Bestudeer Bronne 2A en 2B. Verduidelik hoe die inligting in die twee bronne mekaar ondersteun met betrekking tot die betrokkenheid van die buitelandse nasies in die Angolese Burgeroorlog. (2 x 2) (4)

2.4 Bestudeer Bron 2C.

2.4.1 Noem die Angolese leier wat die Kubaanse afvaardiging in sy land verwelkom het. (1 x 1) (1)

2.4.2 Wat dink jy is die betekenis van die geskenk wat die Kubaanse Bevelvoerder aan die Angolese president gegee het? (1 x 2) (2)

2.4.3 Verduidelik waarom Kuba besluit het om Angola op die volgende wyse te ondersteun:

(a) Militêr (1 x 2) (2)

(b) Finansieël (1 x 2) (2)

2.5 Verwys na Bron 1D.

2.5.1 Watter boodskappe word in hierdie spotprent, oor Kuba se betrokkenheid in Angola, oorgedra? Gebruik bewyse in die spotprent om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.5.2 Verduidelik of 'n historikus hierdie bron nuttig kan beskou wanneer daar na die buitelandse betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog nagevors word. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik waarom die buitelandse nasies, na 1975, by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE SWARTMAGSBEWEGING IN DIE 1960'S EN 1970'S, DEUR MIDDEL VAN GEMEENSKAPSPROGRAMME, TOT DIE OPHEFFING VAN SWART-AMERIKANERS, BYGEDRA?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Bestudeer Bron 3A.

3.1.1 Noem die wetgewing wat die Amerikaanse Kongres in 1964 bekragtig het om die regte van swart-Amerikaners te beskerm. (1 x 1) (1)

3.1.2 Haal enige TWEE bewyse uit die bron aan wat voorstel dat nie alle Swart-Amerikaners met die Burgerregtebeweging strategieë beïndruk was nie. (2 x 1) (2)

3.1.3 Definieer die begrip *Swartmag* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.4 Identifiseer die TWEE belangrike aspekte in die bron waarop die Swartmagbeweging gefokus het om te bereik. (2 x 1) (2)

3.1.5 Verduidelik wat jy dink Stokely Carmichael geimpliseer het met die stelling 'Ek gaan nie die witman vir enigiets wat ek verdien smeek nie ï ek gaan dit vat' in die konteks van die Swartmagbeweging in die 1960's. (2 x 2) (4)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1 Noem enige TWEE eienskappe van die Swart Nasionalisme-filosofie wat Malcolm X in sy toespraak uitgelig het. (2 x 1) (2)

3.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Malcolm X geglo het dat die Amerikaanse regering swart-Amerikaners ógefaalô het. (2 x 2) (4)

3.2.3 Noem TWEE aksies wat Malcolm X voorgestel het, wat swart-Amerikaners moet neem, om van 'n sit-mentaliteit weg te beweeg. (2 x 1) (2)

3.2.4 Verduidelik hoekom jy hierdie bron nuttig sou vind vir 'n historikus wat oor die Swart Panther-party ondersoek instel. (2 x 2) (4)

3.3 Verwys na Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik waarom jy dink hierdie foto geneem is. Gebruik die visuele leidrade in die foto om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

3.3.2 Gebruik die bewyse in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe hierdie bron die Swartmags-filosofie bevorder het. (1 x 2) (2)

3.4 Lees Bron 3D.

3.4.1 Haal DRIE bewyse in die bron aan wat daarop dui dat die Black Panthers se gratis ontbytprogram gewild was. (3 x 1) (3)

3.4.2 Lewer kommentaar op die rol van vroue in die Black Panther-party. (1 x 2) (2)

3.4.3 Verduidelik die belangrikheid van die feit dat PFMC in 13 stede regoor die VSA gestig is. (2 x 2) (4)

3.5 Verwys na Bronne 3B en 3D. Verduidelik hoe die bewyse in hierdie bronne mekaar ondersteun ten opsigte van die Swartmagbewegings-filosofie in die Verenigde State. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe swart-Amerikaanse leiers in die 1960's tot die Swartmagbeweging in die Verenigde State van Amerika bygedra het. (8)
**[50]**

**AFDELNG B: OPSTELVRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae, uit hierdie afdeling, nie.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

**VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA**

Mao Zedong se obsessie met persoonlike mag het gelei tot die mislukking van sy beleid van die Great Leap Forward en Kulturele Rewolusie om die Volksrepubliek van China tussen 1957 en 1969 te bevorder.

Stem jy met die bostaande stelling saam? Gebruik die relevante bewyse vanaf 1949 tot 1976 om jou argumente te ondersteun. **[50]**

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË**

Mobutu Sese Seko, van die Kongo, was minder doeltreffend as Julius Nyerere, van Tanzanië, met die aanspreek van die politieke en sosio-ekonomiese nalatenskap van kolonialisme in hul lande nadat onafhanklikheid bereik is.

Tot watter mate stem jy met hierdie stelling saam? Gebruik relevante bewyse om jou argumente te ondersteun. **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VSA**

Geweldloosheid was die sleutel tot die sukses van die Burgerregtebeweging in die Verenigde State van Amerika.

Bespreek die bogenoemde stelling krities in die konteks van die verskillende burgerregte-protes aksies teen rasse-segregasie, diskriminasie en ongelykheid in die Verenigde State van Amerika in die 1960's. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou